# VADER SE LIEFDESBRIEF

Die uitroep van Vader se hart van Genesis tot Openbaring.

*My Kind,*

*Al ken jy My nie, weet ek alles van jou af.* Psalm 139:1 *Ek weet van jou sit en jou opstaan.* Psalm 139:2 *Ek is bekend met al jou weë.* Psalm 139:3 *Ek het selfs die hare op jou hoof getel.* Mattheus:10:29-31 *Ek het jou gemaak om net soos Ek te lyk.* Genesis 1:27 *In My lewe jy, beweeg jy, en bestaan jy.* Handelinge 17:28 *Jy is ook gebore om deel van My familie te wees.* Handelinge 17:28 *Ek ken jou voor jy in jou moederskoot gevorm is.* Jeremia 1:4-5 *Ek het jou reeds uitgekies voor die begin van die wêreld.* Efesiers 1:11-12 *Jy is nie 'n fout nie, Ek het jou beplan.* Psalm 139:15-16 *Al jou lewensdae is geskryf in My Boek.* Psalm 139:15-16 *Ek het die regte tyd en plek bepaal waar jy gebore moes word.* Handelinge 17:26 *Jy is wonderlik mooi geskape.* Psalm 139:14 *Ek het jou gevorm in jou moederskoot.* Psalm 139:13 *Ek beskerm jou van voor jou geboorte af.* Psalm 71:6 *Ek word nie erken deur die mense wat My nie ken nie.* Johannes 8:41-44 *Ek is Liefde en wil tuis voel by jou.* 1 Johannes 4:16 *Dit is my begeerte om jou met My liefde te oorweldig.* 1 Johannes 3:1 *Net omdat jy My kind is en Ek jou Vader.* 1 Johannes 3:1 *Ek wil jou meer goeie dinge gee as wat jou aardse vader ooit aan jou kan gee.* Mattheus 7:11 *Ek is die volmaakte Vader.* Mattheus 5:48 *Elke goeie en volmaakte gawe wat jy ontvang kom uit My hand.* Jakobus 1:17 *Ek weet wat jy nodig het en sal voorsien in al jou behoeftes.* Mattheus 6:31-33 *My plan vir jou toekoms is altyd gevul met hoop en met 'n verwagting.* Jeremia 29:11 *Ek het jou lief met 'n ewige liefde.* Jeremia 31:3 *My gedagtes oor jou is ontelbaar soos die sand van die see.* Psalm 139:17-18 *Ek verheug My oor jou met blydskap.* Sefanja 3:17 *Ek sal nooit ophou om goeie dinge vir jou te doen nie.* Jeremia 32:40 *Jy is My waardevolste besitting.* Exodus 19:5 *Ek begeer om goed aan jou te doen met My hele wese.* Jeremia 32:41 *Ek wil aan jou groot en wonderlike dinge wys.* Jeremia 33:3 *As jy My met jou hele hart soek sal jy My vind.* Deuternomium 4:29 *Verbly jou in My en ek sal jou gee die begeertes van jou hart.* Psalm 37:4 *Want dit is Ek wat jou gewillig en bekwaam maak om My wil uit te voer.* Filippense 2:13 *Ek is in staat om meer vir jou te doen as wat jy kan bid of dink.* Efesiërs 3:20 *Ek is jou grootse motiveerder.* 2 Thessalonicense. 2:16-17 *Ek is jou Vader wat jou vertroos en uithelp uit al jou moeilikheid.* 2 Korinthiërs 1:3-4 *As jy hartseer is, is Ek by jou.* Psalm 34:18 *Soos 'n herder 'n lammetjie dra, so dra Ek jou teen My hart.* Jesaja 40:11 *Eendag sal Ek al jou trane afvee.* Openbaring 21:3-4 *Ek is jou Vader, en Ek het jou net so lief soos My eie Seun.* Johannes 17:23 *Want in Jesus is My liefde vir jou geopenbaar.* Johannes 17:26 *Jesus is die volmaakte weergawe van wie Ek is.* Hebreërs 1:3 *Hy het gekom om te wys dat Ek vir jou is en nie teen jou is nie.* Romeine 8:31 *Om jou te vertel dat Ek nie boekhou van jou sonde nie.* 2 Korinthiërs 5:18-19 *Jesus het gesterf sodat Ek en jy vrede kan maak.* 2 Korinthiërs 5:18-19 *Jesus se dood was die volmaakte uitdrukking van My liefde vir jou.* 1 Johannes 4:10 *Ek het alles opgegee wat vir My kosbaar was sodat Ek jou liefde kan wen.* Romeine 8:31-32 *As jy My Seun ontvang as geskenk ontvang jy My.* 1 Johannes 2:23 *En niks sal jou ooit skei van My liefde vir jou nie.* Romeine 8:38-39 *Kom huis toe en Ek sal die grootste partytjie gee wat die Hemel ooit gesien het.* Lukas 15:7 *Ek is nou en vir ewig jou Vader. Ek het jou by jou naam geroep, wat Ek jou gegee het.* Efesiërs 3:14-15

*My vraag is... Wil jyMy kind wees?* Johannes 1:12-13

*Ek wag vir jou.* Lukas 15:11- 32

*Liefde, jou Vader,*
*Almagtige God*

Abba

Afrikaans Father's Love Letter © 1999 Father Heart Communications - FathersLoveLetter.com - Please feel free to copy & share with others.